Navrae
Enquiries
IMibuzo
MNR. L.J. MORKEL

Telefoon
Telephone
IFoni
(021) 467-2000

Faks
Fax
IFeksi
(021) 467-2996

Verwysing
Reference
ISalathiso
13/12/7

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF **0149/2000**

AAN:

HOOFDE VAN ALLE PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOLE, REKTORE VAN ONDERWYS- EN TEGNIESE KOLLEGES, PRINSIPALE VAN SPESIALE SKOLE
(TER INLIGTING VAN LEDE VAN VAKADVIESDIENSTE, HOOFDE VAN AREAKANTORE)

**PLAASLIKE OWERHEIDSVERKIESINGS: MOONTLIKE GEBRUIK VAN ONDERWYSGEBOUE AS STEMLOKALE**

1. Die Minister vir Provinsiale en Plaaslike Regering het aangekondig dat plaaslike owerheidsverkiesings op 5 Desember 2000 sal plaasvind. Ten einde die proses glad te laat verloop en in belang van demokrasie is die Wes-kaapse Onderwysdepartement versoek om weer eens behulpsaam te wees deur skole en ander onderwysgeboue as stemlokale vir die verkiesing beskikbaar te stel. Sou skole en kolleges dus genader word om hul fasiliteite vir hierdie doel beskikbaar te stel, sal die Departement geen beswaar hê indien sodanige goedkeuring verleen word nie.

2. Met die oog op die veiligheid van die personeel en studente/leerders, die beskerming van skool-/kollege-eiendom, vergoeding vir skade, ens., sal daar egter in sulke gevalle vooraf 'n ooreenkoms tussen die betrokke munisipaliteit/plaaslike owerheid en die skool/kollege opgestel moet word.

3. Geliewe die inhoud van die skrywe onder die aandag van die adviesraad/beheerliggaam te bring.

4. U samewerking sal op prys gestel word.

**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 5/11/00